# JEUGLES: Dankbaarheid

## 1. PRAISE EN WORSHIP

## 2. VIDEO CLIP: Kids President – 25 reasons to be thankful

## 3. YSBREKER 1: Dankie – race

- Ons gaan hierdie een in die saal deelneem
- Elke groep staan in ‘n ry, agter mekaar
- Daar is 8 glasies voor hulle in ‘n ry neergesit
- Onder 6 van die glasies is daar ‘n letter van DANKIE geplak – een groeplid hardloop op ‘n keer, lig ‘n glasie op, hardloop terug na die groep, en volg die instruksie op die blaaitjie, die die volgende groeplid hardloop en kom terug met die volgende instruksie totdat al 8 die glasies by die groep is.
- 2 van die glasie het niks onder hulle nie.
- *Instruksies op die blaaitjie*: vir elke letter van DANKIE moet die groep aan iets dink wat met daai letter begin om voor dankie te sê – en dan ‘n eienskap van God wat met dieselfde letter begin waarvoor jy dankbaar is.

## 4. YSBREKER 2: Dankbaarheid – Scavenger hunt

- Elke groep gaan ‘n lys met goed kry wat hulle buite moet gaan soek
- Elke ding moet ‘gelink’ wees met iets waarvoor hulle dankbaar is, so wanneer julle iets optel, maak seker waarvoor julle vir dit dankbaar kan wees.

## 5. DANKBAARHEID:

- Die slim ouens het navorsing gedoen en gevind dat hoe dankbaarder ‘n mens is, hoe gelukkiger is hy of sy, want dan kyk jy na dinge en omstandighede om jou op ‘n ander manier.
- Die Bybel praat ook van dankbaarheid in 1 Tess 5:18 – “Wees in alle omstandighede dankbaar, want dit is wat God in Christus Jesus van julle verwag”
- So wat beteken dit, of dit goed of sleg met my gaan, ek moet vir God dankie daarvoor sê, want om dankbaar te wees hang nie van ons omstandighede af nie, daar is ALTYD iemand wie se omstandighede slegter as jou is, al dink jy niks kan erger as joune wees nie!
- Daar is hierdie projek wat mense op Youtube begin het, hulle noem dit die “Thankfull chair project”. En eintlik gaan dit daaroor dat ek deur die dag vir God moet dankie sê vir dat wat ek het, Hy vir my gee, of Hy vir my laat uitwerk.
- Kom ons kyk gou ‘n videoclip daaroor.

## 6. VIDEOCLIP: Thank You for….

## 7. 10 000 Reasons….

- Ons was netnou lekker laf met die ysbrekers gewees, en nou is dit tyd om bietjie ernstiger te raak.
- Die leiers gaan nou vir julle elkeen ‘n pen en papiertjie uitdeel, julle gaan nou elkeen bietjie stil raak by jouself (nou praat ons nie met ons maatjies nie), en dink bietjie oor jou lewe, dink aan ‘n tyd toe God regtig vir jou gesorg het / of vir jou gesin / of iets vir jou help uitsorteer of in plek laat val het.
- Skryf vir God ‘n dankie briefie daarop neer, en dan gaan plak jy dit teen die 10 000 reasons muur agter in die kerk.

## 8. VIDEOCLIP: An Experiment in Gratitude

## 9. BAIE DANKIE…

- Vanaand gaan glad nie eintlik oor jou of my nie, dit gaan oor God en die mense in jou lewe wat ‘n verskil in ou lewe maak op wat ‘n manier ookal, en om ‘n slag die tyd te vat om vir hulle dankie te sê
- Die leiers gaan nou vir elke kind so 4 papiertjies kom kry.
- Jy gaan nou dankie briefies skryf vir die volgende mense in jou lewe
    - Jou EPIC Jeugsel Leier
    - ‘n Onderwyser / afrigter by die skool wat vir jou baie beteken
    - Jou pa en of ma
    - Jou beste vriend of vriendin
- Môre gaan gee jy die briefies vir hulle, onthou dankbare mense is gelukkige mense!!!

## 10. SLUIT AF MET GEBED IN JULLE GROEPE